higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1420**(A)**(J7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N6

(5070046)

7 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Netheid, styl en ’n stelselmatige uiteensetting van feite word vereis.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die scenario en beantwoord die vrae.

> Reklame was aanvanklik bedoel om mense bewus te maak van goedere wat in ’n mark beskikbaar is. Dit was so eenvoudig as om aan te kondig wat jy in jou winkel het, of watter dienste jou onderneming aanbied.
>
> Die idee dat die media hoofsaaklik bestaan om aan ons nuus oor te dra, is nie regtig waar nie. Om die waarheid te sê, die media is daar om gehore bymekaar te maak, hulle in ’n duur kommoditeit te verpak en dit aan adverteerders te verkoop. Adverteerders is weer altyd op die uitkyk vir ’n doelgehoor om hulle te oortuig dat ’n produk of diens beter is as die mededingers s’n.

1.1.1 Onderskei tussen *reklame* en *openbare skakelwese*. (1 + 1) (2)

1.1.2 Noem VYF voordele daarvan om ’n produk of diens te adverteer. (5 × 2) (10)

1.1.3 Verduidelik hoe die openbare-skakelbeampte die AIDA-beginsel in sy of haar advertensie of diens kan gebruik. (4 × 2) (8)

1.1.4 Adverteerders kan kies om televisie te gebruik om gehore te lok.

Noem DRIE voordele en TWEE nadele daarvan om televisie as kommunikasiemedia te gebruik. (5 × 2) (10)

1.2 Organisatoriese kommunikasie is ’n subveld van kommunikasiestudie en bestaan uit die oorweging, ontleding en kritiese beoordeling van die rol van kommunikasie in organisatoriese kontekste. Die vernaamste funksie daarvan is om in te lig, te oorreed en klandisiewaarde of welwillendheid te bevorder. Die vloei van kommunikasie kan hetsy formeel of informeel wees. Kommunikasie wat deur formele kanale vloei, is afwaarts, horisontaal en opwaarts, terwyl kommunikasie deur informele kanale algemeen as die ‘riemtelegram” bekend staan.

1.2.1 Noem DRIE doelwitte van reklame en kommunikasiemedia wat in die gevallestudie genoem word. (3 × 2) (6)

1.2.2 Identifiseer DRIE formele kommunikasiekanale uit die gevallestudie. (3 × 2) (6)

1.3 Watter tipe media is elk van die volgende:

1.3.1 Televisie

1.3.2 Tydskrifte

1.3.3 Borgskap

1.3.4 Baniere

(4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 2

2.1 Westcol TBOO-Kollege het hul dienste aan die D2-skole aan die Wes-Rand gedemonstreer. Die hoofdoelwit was om hulle identiteit, beeld en verkope te bevorder. Hulle beoog om 1 200 studente vir al hulle programme te registreer.

Verduidelik die term *uitstalling*. (3)

2.2 Bespreek SES soorte uitstallings. (6 × 2) (12)

2.3 Noem TWEE kwessies wat 'n negatiewe invloed op hul uitstalling kan hê. (2 × 2) (4)

2.4 Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid is die deurlopende verbintenis deur sakeondernemings om eties op te tree en tot ekonomiese ontwikkeling by te dra, terwyl hulle ook die lewensgehalte van hul arbeidsmag, hulle families en die gemeenskap en breër samelewing verbeter.

2.4.1 Wie is die arbeidsmag in hierdie definisie? (2)

2.4.2 Verduidelik hoe sakeondernemings die gemeenskap met elk van die volgende kan help:

(a) Onderwys

(b) Behuising

(c) Gesondheid

(d) Kuns en kultuur

(e) Omgewingsbewaring

(5 × 3) (15)

2.5 Fondsinsameling vorm ook deel van 'n sakeonderneming se bydrae tot die gemeenskap.

Noem VYF algemene mites/veronderstellings oor fondsinsameling. (5 × 2) (10)
[46]

VRAAG 3

3.1 Jy is ’n openbare skakelbeampte en moet ’n oudiovisuele aanbieding aan personeellede doen oor ’n gemeenskapsprojek wat die PR-departement wil bekendstel.

Beskryf, in die korrekte volgorde, die SEWE beplanningstappe vir ’n oudiovisuele projekprogram. (7 × 2) (14)

3.2 Krisisbestuur moet met groot omsigtigheid uitgevoer word om te voorkom dat negatiewe publisiteit onomkeerbare skade aan die korporatiewe beeld en handelsnaam berokken.

Noem VYF fundamentele reëls om op alle krisissituasies toe te pas (5 × 2) (10)

3.3 Bespreek VYF kenmerke van ’n krisis/ramp. (5 × 2) (10)

3.4 Verskaf VYF riglyne vir ’n organisasie wat aan ’n borgskap wil deelneem. (10)

3.5 Noem VYF voordele van borgskappe. (5 × 2) (10)
[54]

VRAAG 4

4.1 Oor watter VYF sleuteleienskappe behoort ’n suksesvolle fondsinsamelaar te beskik? (5 × 2) (10)

4.2 Primêre data moet vir spesifieke navorsingsdoelwitte ingewin word.

Beskryf VYF doelwitte van navorsing in openbare skakelwese. (5 × 2) (10)

4.3 Beskryf SES stappe in die navorsingsproses. (6 × 2) (12)

4.4 Die openbare skakelbeampte moet geleenthede beplan en organiseer. Hy of sy moet entoesiasme vir ‘n geleentheid toon, sorgvuldige beplanning doen, aktiwiteite monitor en effektief met al die betrokkenes kommunikeer.

Verduidelik die term *geleentheid (“event”)*. (2)

4.5 Noem en verduidelik VIER voorbeelde van verskillende uitlegte en gebruike. (4 × 2) (8)

4.6 Noem die eerste VIER items op ’n kontrolelys vir geleentheidsbeplanning. (4 × 2) (8)
[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou